

'n Literêr-historiese perspektief op die skeppende prosa van G.R. von Wielligh

H.P. van Collier

A literary reassessment of the work of any author is a precarious undertaking. Not only does it entail a form of canonization which in itself is fraught with ideological, poetical and political dangers and pitfalls that have a direct bearing on literary power politics, it is also a form of literary evaluation that is grounded in history and thus has to “balance” evaluative criteria from the past and the present. In the final instance the position of an author within a literary system or field is dependent on his or her adherence (or not) to “horizons of expectation”, influence on other writers, strategic position within (sub-)genres, literary histories, anthologies and curricula. Within a formalistic approach the work of Von Wielligh was found lacking by critics in many structural respects and within a more ideological paradigm he was accused of stereotypical representation of indigenous people. Such criticism does not take into account that his portrayal of Khoi and San afforded them a certain voice within a repressive literary system, and (though critical of their beliefs) he at least took cognizance of their mythology. Despite his historical blindness and bias he often represented “The Other” in a surprisingly relativistic way.

Flaptekstschrywers noemen een boek meestal tijdloos wanneer de vervaldatum ervan ruimschoots is overschreden. Bovendien bestaan er geen tijdlose boeken. Hoe ouder een boek, hoe meer verklarende noten je nodig hebt.

Klassieke boeken bestaan niet. Er zijn goede boeken en slechte boeken, en er is de canon.

De klassieken zijn het museum van de literatuur.

Iederdeem en niemandt bepaalt of een boek goed of slecht is en of het in de canon wordt opgenomen. Geplugde populariteit, verkoopcijfers, toptieneren, leesclubs, leeslijstjes, advertenties, tv-optredens, interviews, recensies, foto-reportages, feestjes, promotiefolders, websites, mailings, werkelijk alle trucs worden aangewend om van een boek een succes te maken.

De laatste jaren zijn er door literaire uitgeverij ontzettend veel (...) klassieken opnieuw uitgebracht. In een kwaadaardige bui denk ik wel eens: er zijn er te veel uitgebracht. Om een oud boek opnieuw uit te geven zou je eigenlijk een heel goede reden moeten hebben. Ik vind dat de “beschikbaarheid voor de lezer” of “de culturele waarde” niet altijd zaligmakende criteria zijn. Het is even belangrijk dat teksten grondig geëditteerd zijn en op beperkte schaal beschikbaar.

(Polis 2000: 70 -75)

1. Inleidende opmerkinge

In die kader van 'n herdenking van die 150ste geboortedag van G.R. von Wielligh is ek versoek om sy bydrae tot 'n leeskuiluur in Afrikaans te evalueer en hom literêr-histories te (her)beoordeel. (Deel 1 van sy *Versamelde Boesmanstories* het toe reeds verskyn. Intussen het ook deel 2 die lig gesien.) Dit was geen geringe opdrag nie. In

wese impliseer dit 'n herevaluering van Von Wielligh wat uiteraard direk verband hou met kanonisering. “Wie schrijft blijft” word soms beweer, maar tog is die rakleef tyd van skrywers beperk en verval die meeste gou in vergetelheid (kyk: Bel, 2004: 194).

'n Literêre kanon is 'n virtuele biblioteek, 'n skatkamer van boeke diep verborge, soos in Carlos Ruiz Zafón se roman, *Die skadu van die wind* (2001), al die “vergete boeke” geberg word in 'n kelder onder straatvlak in Barcelona. 'n Literêre kanon bestaan ook dikwels uit vergete boeke waarvan literatore wel nog kennis dra, maar soms selfs nooit gelees het nie. Tog is so 'n kanon veronderstel om boeke te bevat wat steeds gelees en bestudeer word, waarna verwys word, wat as “referensiepunte” of selfs “ykingpunte” kan dien en wat as waardevol geag word om te bewaar.

'n Literêre kanon is 'n gemeenskaplike besit van 'n taalgemeenskap, wat dalk eerder 'n kultuurgemeenskap genoem kan word, omdat die literêre kanons van bv. Oos- en Wes-Duitsland voor die val van die muur twintig jaar gelede, beslis nie identiek was nie, al is hier sprake van dieselfde taal. 'n Kanon kan daarom meer omvattend wees as net boeke en bevat as “gedeelde geheue” ook onder andere artefakte, standbeelde, herinneringsplekke en -datums, relikte en dokumente. By geleentheid het ek daarom ook na die kanon verwys as “gedeelde gewete”, omdat dit neerslag is van politieke, ideologiese én poëtikale opvattinge. In Nederland is 'n tyd gelede besluit om 'n kanon te konstrueer wat aan leerlinge onderrig moet word op skool, veral om immigrante deel te maak van 'n gedeelde Nederlandse kanon, dus gemeenskaplike geskiedenis as verwysingspunt. Al was hierdie poging hoe lofwaardig as bemagtigingsmeganisme (bykans dieselfde as om mense te onderrig in die standaardtaal), het baie mense daarin gedwonge akkulturasie gesien, 'n poging om “allochtone” beskawing by te bring.

2. Die kanon as ideologiese konstruksie en magsinstrument.

Kanonisering is 'n bisarre proses wanneer Polis (2000: 71) se vierde uitspraak wat hierbo as motto gesit is, onder oë geneem word. In die moderne era speel bemarking byna net so 'n groot rol as die sogenaamde “gehalte” van die werk. By die uitvoerige lysie van Polis kan “boektafel-gesprekke”, “boeketes”, “leeskring-optredes”, “blogs” en “Kunstefeess-‘performances” toegevoeg word as net nóg voorbeelde van bemarkingstruiks.

Oor een ding kan geen twyfel bestaan nie: Die kanon (ook die literêre kanon) is 'n ideologiese konstruksie en die magtige hekwagters wat toegang tot die kanon jaloers beskerm, is dikwels agente van die heersende ideologie. Onderzoekers soos Hein Willemse (2007) het herhaaldelik aangetoon dat daar 'n onlosmaaklike band bestaan het tussen die Afrikaanse letterkunde en Afrikanernasionalisme. Hierdie “natuurlike band” is volgens Willemse versterk deur letterkundeonderrig op skool: “handboeke onderstreep die mite dat Afrikaans deur goddelike intervensie die Afrikaner se taal geword het”. (Willemse, 2007: 49) Geen wonder dat D.J. Opperman se kanoniserende bloemlesing met 'n duidelik uitsluitlik elitistiese instelling, *Groot Verseboek*, kwaai

gekritiseer is deur Willemse nie. (Willemse, 1999: 6 e.v.) Opperman se estetiese word deur Willemse (1999: 6) beskryf as “in hoofsaak ingegee deur sy digterspraktyk, die nawerking van buitelandse literêre strominge en die kultuureise van ’n opkomende Afrikaner-middelklas.” In ’n pas-voltooide doktrale proefskrif toon Mariaan Human-Nel (2009: 314 e.v.) ook oortuigend aan dat Eleanor Baker lank buite die kanon gehou is omdat die Afrikaanse literêre kanon ’n (blanke) manlike konstruksie was.

Tog merk dieselfde Willemse (1999: 9) voorts op dat die “konstruksie van die Afrikaanse letterkunde gekenmerk (word) deur ’n hoë vlak van elitisme en intellektualisme waardeur die bestudering van die populêre uiting beperk is”. Dit is oor hierdie boeg waarom my opmerkinge later oor Von Wielligh gegee moet word.

3. Appropriasie en relativisme

Heel dikwels is bepaalde outeurs ideologies geapproprieer binne bepaalde literêre velde. (Perkins, 1992: 129) Uiteraard het dit ook gebeur in die Afrikaanse literêre veld. Die bekende digter C. L. Leipoldt was op ’n vroeë stadium al afkerig van die Christelike geloof (kyk: Kannemeyer, 1999: 78). Hy was ook geen tradisionele patriot nie. In die literatuuronderrig op skool én universiteit is Leipoldt gerepresenteer as ’n vurige nasionalis en Christen. Selfs in literatuurgeskiedenis is die ware feite versag. In Schoonees en Van Bruggen (1925: 25) word gesê: “Daarom word ons volk nooit moeg om ‘Oom Gert vertel’, ‘Aan ’n seepkissie’ en ‘Vredeaand’ van Leipoldt te lees nie.” Malherbe (1940: 124) skryf redelik uitvoerig oor “die patriotiese poësie” van N.P. van Wyk Louw en sê dat jy daarin niks sal kry van ander patriotiese poësie soos “die vaderlandsliefde van Jan Cilliers en die omfloerste blik in ‘Dis al’; of die mineurtoon van die Calvinis Totius of die volksverslaenheid, bittere ironie en die tragiese humor van Leipoldt nie.”

Dekker (1935: 81) stel dit veel versigtiger: “Daarby is hy (...) uitgesproke kosmopoliet; hoewel hy ’n groot liefde het vir sy vaderland. (...) ’n Volksdigter in die sin van Celliers dit is, digter wat dig vir die volk, is hy ook slegs in sy eerste bundel, en ook daar is hy dit slegs tot op sekere hoogte.” Daarom skryf hy oor die latere bundel *Uit drie wêrelddele* (1923) dat daar ’n groot ommekeer in Leipoldt se politieke gevoelens gekom het. Kannemeyer (1999: 134) sê dat niks verder van die waarheid is as hierdie uitspraak van Dekker nie: “So ’n uitspraak hou nie rekening met die werklik humane inhoud van sy gedigte oor die Anglo-Boereoorlog nie en weersprek die gegewens wat uit ’n ondersoek van die relevante dokumente aan die lig kom. Hoewel hy die saak van die Boere goedgesind was, het sy simpatie nie voortgespruit uit ’n enge patriotisme nie.”

Ook die “afwykendhede” van Eugène Marais, C.J. Langenhoven en I.D. du Plessis is vir dekades gewoon verswyg, veral in die literatuuronderrig. Volkshelde met ’n Europese opleiding, kosmopolitiese ingesteldheid en (soms selfs ’n voorkeur vir Engels) soos M.T. Steyn, J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts is omskep tot Boeretipes. F.V.

Engelenburg, stigterslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en by twee geleenthede voorsitter van hierdie organisasie se boheemse lewenstyl is vir dekades in die doofpot gestee. Hierdie appropriasie en omvorming duur gewoonlik nadoods voort. Walter Benjamin het tereg opgemerk “[e]ven the dead are not safe from the enemy when he conquers”. (Perkins, 1992: 129)

4. Von Wielligh in die literatuurgeskiedenis

Dit sou dus verleidelik (en maklik) wees om Von Wielligh op die omgekeerde wyse nou te interpreteer (en dus te approprieer) as ’n persoon wat sy eie tyd voor was en geen godsdienstige en ideologiese vooroordele gekoester het nie. Só wil ek hom nie aan die dood ontruk nie; sy lewe was traumaties genoeg. Wel wil ek in my herevaluering deurgaans verwys na die voorafgaande teoretiese ekskursie: die plek van Von Wielligh in die Afrikaanse literêre kanon was nooit veilig nie, omdat sy werk tog nie altyd naatloos aangepas het by heersende opvattinge nie. Toe die nasionale in die kuns gepropageer is en elke literêre teks as ’n nasionale daad gesien is, het hy geskrywe oor inheemse volke. Toe buitelandse modelle uit die mode begin raak het, het hy *Robinson Crusoe* sonder skroom as model gebruik vir sy eie skryfwerk, en toe daar aandrang was op “kunsprosa” met diep filosofiese mymeringe het hy voortgegaan om avontuurromans te skrywe. Vir die eietydse ondersoeker maak hy dit nie makliker nie. Sy geskiedskrywing is onbeskroomd nasionalisties (kyk: John, 1994: 104), sy werk val nie binne modelle van Jurij Tynjanov met sy “outomatisering / deoutomatisering” en Harold Bloom met sy “anxiety of influence” nie, en sy werke, soos *Jakob Platjie* (1917) beantwoord nie aan die ideaal van goed gestruktureerde tekste wat veral in die hoogbloei van die strukturalisme hier te lande belangrik gegag is nie (kyk: Hugo, 1985; Smuts, 1975).

Von Wielligh wou nie anders wees as voorgangers nie en het hoegenaamd nie gebuk gegaan onder die las van die literêre tradisie nie. Hy was ’n nuuskierige en talentvolle persoon wat in baie opsigte ’n outodidak was met ’n lewendige belangstelling vir alles om hom: die fauna en flora, en veral die mens en sy taal, gebruike, opvattinge en geloof. Daaroor het hy baie geskrywe, onbeskroomd uit die standpunt van ’n oortuigde Christen.

Baie literatoure het vandag groot moeite met sy uitbeelding van die inheemse bevolking, veral die Khoi en San wat vir baie val in die tipiese “Jolly Hotnot”-tipologie. Gerwel (1983: 34) verwys al na *Jakob Platjie* as ’n tipiese voorbeeld van karikaturale uitbeelding van die “kleurling” op stereotiperende wyse. Vernon February (1998) se skerp kommentaar is ’n verdere voorbeeld. Von Wielligh beklemtoon volgens February “die ludieke aspekte van die Khoekhoense lewe” en slegs twee volke is vir hom “werklik grappig”, die Iere en die “Hottentotte”. In sy uitbeelding staan die stereotipe uitbeelding van die “Jolly Hotnots” voorop, want soos Von Wielligh dit uitdruk: “’n Hotnot is kort van haar en kort van verstand.” Lydia van Niekerk bevestig hierdie stereotipe beeld in haar tesis uit 1916 wanneer sy onomwonde stel dat die outeur “sy Hottentotte goed

ken' en hulle spitsvondigheid goed weergee". (February, 1998: 19) En stereotipering is volgens Willemse (2007: 27) in die woorde van Bhabha (1986: 154): "a simplification because it is an arrested, fixated form of representation."

'n Literêr-historiese kyk op enige literêre verskynsel veronderstel altyd 'n mate van relativisme. Al skram jy weg van 'n historisistiese benadering wat tekste of skrywers met die blik bekijk van hul tydgenote, kan jy selde met die koue kyk van jou eie tyd volstaan. Soms word 'n "perspektivistiese" benadering daarom verkies wat trag om die twee benaderings te versoen. 'n Meer wetenskaplike benadering is wat genoem word die "morfologiese rekonstruksie" van 'n vorige tydperk, dit wil sê 'n noulettende herkonstruksie van literatuuropvattinge, literêre verwagtinge, soos ten aanleiding van byvoorbeeld genre-vereistes, kenmerke van 'n sub-genre (soos die funereëre poësie) en dergelike meer.

Daarom is literatuurgeskiedenis ook 'n belangrike bron van inligting; hulle presenteer as 't ware 'n beeld van die betrokke verskynsel wat jy ondersoek. In die geval van Von Wielligh sou jy ideaalgesproke sy tydgenootlike evalueringe moet ondersoek, literatuurgeskiedenis (met die oog op die verskuiwing van waardeoordele), én eietydse oordele. Laasgenoemde vind jy veral in verspreide opstelle, bloemlesings en die kurrikula van skole en universiteite. Léf hierdie outeur dus nog by wyse van spreke?

Oor verskeie van hierdie aspekte kan ons kort gaan. Von Wielligh se werk word bykans aan geen Suid-Afrikaanse skool of universiteit (anders as kuriositeit) voorgeskryf nie. Sy verhale ontbreek veelal in alle bloemlesings en die herdrukke van sy werk is beperk tot sy *Dierestories* wat in 1983 herdruk is en *Jacob Platjie* (in 1961). Daar is skynbaar hernude belangstelling omdat sy *Versamelde Boesmanstories 1* in 2009 herdruk is. Sy vertaling van *Robinson Crusoe* (1719) in 1920 word ook herdruk as 'n nuwe hersiene uitgawe, so onlangs nog as 2006. Dit sou besonder interessant wees om die tekswysigings van dié werk na te gaan. Liebenberg (2009) wys daarop dat daar 'n hele paar bewerkings was van Defoe se werk: 1929, 1930, 1942 en nog een ongedateerd. Von Wielligh s'n was die omvangrykste en dien ook as basis vir die 2006-uitgawe. Liebenberg merk ook op dat Von Wielligh se vertaling slegs die 5de of 6de vertaling was in Afrikaans van 'n prominente teks. Opvallend ook dat die vertalers in hierdie vroeë tydvak "geleerde" mense was soos Henry A. Fagan, Jan F.E. Celliers, Totius, Leipoldt en Con de Villiers om enkele te noem. Die heruitgawe van die *Versamelde Boesmanstories* (deel 1 en 2) gee wel iets te kenne van 'n hernude belangstelling in die Boesman of San en in Von Wielligh se groeiende belangrikheid binne hierdie diskoers.

Wat die eietydse evaluering van Von Wielligh betref, spreek daar groot waardering vir sy kreatiwiteit en veelsydigheid uit baie besprekings, soos dié van "JJS", waarskynlik die bekende woordeboekmaker, J.J. Smith. Henriette Roos wys daarop (1998: 29) dat "van die tydgenootlike kritici" ook onseker gestaan het oor sy sketse; "die kultuurhistoriese, didaktiese inslag is erken en die feit dat dit nie 'kunsprosa' was nie, is aanvaar". Dit was veral die invloedryke kritikus, Gustav Preller wat nogal negatief gestaan het teenoor

die werk van Von Wielligh omdat sy verhale en sketse “nie werklik bevestigend (was) van ’n volksbewuste nasionale strewe nie”. (Roos, 1999: 32) Die fokus was nie op die Afrikaner binne sy groep nie, en al was dit dikwels patroniserende werk, het dit gegaan oor die poging om oor grense kontrak te maak met die vreemde, aldus Roos (op cit.). Miskien was Langenhoven juis positief teenoor Von Wielligh omdat hy aweregts was in sy opvattinge én ombeskroomd toeganklike literatuur geskep het. In 1922 skryf hy dat Von Wielligh ’n eredoktorsgraad verdien, bó veel ander bekroondes. Maar sy eer lê volgens Langenhoven daarin dat hy in die skemerte gewerk het om die lig te bring aan sy volk.

In 1961 skryf P.J. Nienaber ’n inleiding tot die heruitgawe van *Jakob Platjie* waarin hy die indruk wek van iemand wat besonder ongemaklik staan teenoor die teks wat hy moet inlei. Hy beklemtoon die naïwiteit van die kuns van die eerste tydperk (dus ook van dié van Von Wielligh) wat selfs kinderlik en primitief (sic!) was (5). Voorts praat hy van die propagandistiese en lawwe aard van die kuns. Von Wielligh se waarde, volgens Nienaber, lê daarin dat hy “al geselsende sy lesers wil vermaak, stig en onderrig” (6). Nienaber vind hom ’n aangename geselsers, maar dikwels dis hy staaltjies op ten koste van die eenheid van die verhaal. Nienaber het wel waardering vir Von Wielligh se sappige volkstaal, maar hy probeer soms “mooi” skrywe en dan verval hy in “onegtheid”. P.C. Schoonees het aangetoon dat die roman swak is (let wel Nienaber noem dit ook ’n “roman” soos Aucamp later!), veral deur te let op die bou daarvan. Maar dit is onbillik volgens Nienaber want Von Wielligh het “hom nie ten doel gestel om kuns te skep nie” (9).

Ook P.W. Grobbelaar (1987) vind Von Wielligh se ontspanningsliteratuur van swak gehalte, maar slaan sy bydrae op die terrein van die Volkskunde veel hoër aan. Hy gaan trouens so ver om te stel dat Von Wielligh in een asem genoem kan word met Schonken “wanneer ons praat van ons vroegste volkskundiges”. (Grobbelaar, 1987: 12)

In literatuurgeskiedenis soos dié van Dekker, Antonissen en Kannemeyer word in wisselende grade van objektiwiteit oor Von Wielligh geoordeel. Die gewoonlik skerp Antonissen (1956: 49) is nogal mild oor Von Wielligh “Artistieke oogmerke het hy nie gehad nie, wel leersaam-volkskundige; hy wou eenvoudige, nuttige leesstof verskaf in ’n met lektuur karig bedeelde tyd. Verhaalbou en -soberheid het hy dikwels prysgegee vir die sug om alle deur hom opgespoorde wetenswaardighede daarin op te neem, en hy het nooit iets van die dieper lewe van die kleurling en naturel ontsluit nie. Maar dat hy hulle uitwendig skerp waargeneem het en iets van die mentaliteit begryp het, bewys sy dikwels voortreflike, meestal ‘boertige’ tipering van hul handelinge, hul geweldige fantasie, hul pittige Afrikaans”.

Dekker (1961: 126) noem Von Wielligh “’n nobele idealis” (sic!), veral ook op grond van sy durende skryfwerk ten spyte van sy ooggebrek. Dit is trouens opvallend hoe die anekdotiese aspek dikwels oorheers wanneer Von Wielligh beskrywe word: dat hy eers op elfjarige leeftyd skool toe gaan, die wyse waarop hy bykans alle sig verloor het en net met moeite ’n paar letters op ’n slag kon skrywe, die feit dat hy as die 171ste persoon Mont

Blanc bestyg het, dat sy jongste kind sterf, dat sy huis se dak afwaai en hy later bykans al sy besittings verloor en dat daar in huislike kring ook moeilikheid kom!

Ten spyte daarvan dat sy werk propagandisties, moraliserend en didakties was, het Von Wielligh waardevolle dienste bewys aan sy volk, vervolgd Dekker (op cit.). Dekker wys ook daarop dat hy leesstof voorsien het aan die “breë lae van die volk”. Later word hy die slagoffer van “die jongeres” se strewe na volwaardige kuns, want die letterkundige waarde van sy werk was gering. Die waarde van sy werk, vind Dekker, is literêr- en kultuurhistories, en die uitbeelding van die Boesmans en Hottentotte laat hom relatief koud, omdat hul spreekbuise van die skrywer is.

Ook Kannemeyer is baie neutraal ten aansien van Von Wielligh en wys op meerdere plekke na die baanbrekersrol wat Von Wielligh gespeel het in die ontstaan van verskeie literêre tradisies in Afrikaans soos die diereverhaal (54), jagverhale (92), die didaktiese verhale (72 en 94), Griekwa-Afrikaans (225), folklore (569), verhale oor die San (615), ensovoorts.

Vernon February, op die spoor van Jakes Gerwel, vind soos gesê Von Wielligh se werk naby aanstootlik, omdat hy in sy beskrywing van die gekleurdes die stereotipe van die “Jolly Hotnot” versterk. Roos wys daarop dat kritici soos P.J. Nienaber in die dertigerjare ’n besonder “arrogante” houding openbaar omdat van Von Wielligh se inheemse karakters te geleerd sou raak! Hein Willemsse (1999: 13) verwyrt daarteenoor die Afrikaanse kritici omdat hulle die ryk orale tradisie van vroeg af verwaarloos het en dit streng onderskei het van geskrewe letterkunde. Hierdeur neem hy eintlik vir Von Wielligh onder sy beskerming omdat hy talle orale vertellings opgeteken het in sy Boesmanverhale. Later brei Willemsse (2008) hierop uit as hy skrywe oor die rol van “Outa Hendrik” as die verteller in Eugène Marais se *Dwaalstories*, veral in die gekanoniseerde teks, “Klein-Riet-Alleen-in-die-roerkuil”. Willemsse toon aan hoe Outa Hendrik stelselmatig weggeewis geraak het (en bv. van die omslag van die boek verdwyn het) en deur latere kritici (soos G.A. Jooste en T.T. Cloete) doelbewus genegeer is omdat die vertellings te gesofistikeerd sou wees vir ’n orale vertelling. In sy latere inleiding tot *Versamelde Boesmanstories 1* verwys Hennie Aucamp ook na dié weglating wat hy bestempel as “jammer” en “wetenskaplik onverdedigbaar”. (Von Wielligh, 2009: 11) Dat Von Wielligh (én Marais) se werk aansluit by die Europese volksverhale is deur verskeie kritici beweer; byna om te toon dat die Afrika-tradisie nie in staat was om sulke werke te kon voortbring nie. Studies (soos dié van Bleek en Lloyd, 1936) het egter bewys dat Von Wielligh stories (aan die hand van sy optekeninge) besonder getrou opgeteken het, omdat daar groot ooreenkomste bestaan tussen sy werk en hul noukeurig gedokumenteerte optekeninge.

Jean Lombard (2004) vermeld dat Von Wielligh se werke *Jakob Platjie* (1917-1922) en *Boesmanstories* (1919-1921) van die vroegste geskrewe stukke in Afrikaans is wat boonop handel oor inheemse mense. Hy gee hierin verslag van oorspronklik mondelinge oorlewerings en van wat Lombard “mitisiteit” noem. Willemsse (2007: 64) is daarteenoor baie kras oor enige poging van ’n skrywer om namens ander te praat:

“In sulke toestand word koloniale stomheid institusioneel en die gedomineerdes die ander.” ’n Ander standpunt sou wees dat ten spyte van Von Wielligh se mediërende rol (hy probeer inderdaad om die oorspronklike te “verbeter”), dit ’n verdienste is dat hy stem verleen aan stemloses. Lombard (2004: 129) noem versigtig dat uit “die vertellings ’n bepaalde onsekerheid of dubbelslagtigheid” blyk.

Hoewel sy dus krities is teenoor Von Wielligh, kontekstualiseer sy haar kommentaar: “Hy toon dus in ’n groot mate begrip vir die mitiese dimensies van die Boesman se kuns en religie, maar sy vaste interpretasie van religie as georganiseerde ‘godsdienste’ weerhou hom daarvan om hulle op bewuste wyse as *geïntegreerde* dimensies te begryp en waardeer.” Volgens haar is dit juis vanweë hierdie godsdienste-siening dat die slot swak is (kyk ook Hugo, 1985 en Smuts, 1975) omdat dit outeursinmenging impliseer. Haar slotsom is dat Von Wielligh se werk hoofsaaklik kultuurhistoriese waarde het.

’n Paar kritici het verder daarop gewys dat Von Wielligh se grootste bydrae dalk van Volkskundige aard was. Dit word onomstootlik aangetoon in ’n hele paar artikels uit die perspektief van die astronomie. Daar word deur verskeie ondersoekers (soos Slotegraaf en Koorts, 2006) aangevoer dat Von Wielligh se bydrae tot die wetenskaplike studie van die San of Boesman nie voldoende erkenning gekry het nie; trouens bykans géén erkenning nie, omdat sy geskrifte in Afrikaans was, wat vir verskeie ondersoekers ontoeganklik was. Daarom pleit ook Hennie Aucamp (2004) vir ’n vertaling in Engels van die werk van Von Wielligh: “Daar word deur oningeligtes, of doodge woon kwaadwilliges, beweer dat die Afrikaansprekende geen wesenlike bydrae tot ’n Afrika-diskoers gelewer het nie, vergetende dat Afrikaans dikwels die oorbruggingstaal was wat Boesman- en ander etniese kulture ‘sigbaar’ gemaak het”.

Ook Helize van Vuuren (2008) eis dat Von Wielligh se werk opgeneem moet word in die korpus “Suid-Afrikaanse” literatuur. Die “herontdekking” van sy opgetekende /Xam-verhale is volgens haar uiters belangrik in die literatuurgeskiedenis, maar ook in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Slotegraaf en Koorts (2006) wys op die ooreenkomste tussen Von Wielligh enersyds en Bleek en Lloyd andersyds, maar toon ook aan dat Von Wielligh ’n belangrike verhaal oor die ontstaan van die son skrywe wat in geen ander bron voorkom nie (op cit.: 109 e.v.). Lees ons die artikels van Aucamp, Van Vuuren en Jean Lombard, blyk dit dat daar bepaald ’n herontdekking is van Von Wielligh.

5. Die heruitgawe van *Versamelde Boesmanstories* as kanoniserings

Die twee heruitgawes van *Versamelde Boesmanstories* (2009 en 2010) bevat elkeen ’n inleiding deur mense wat gegewe hul posisies binne die Afrikaanse literêre veld bekleed is met die gesag om te kanoniseer. Aucamp is ’n bekende skrywer, herskrywer en bloemleser en Van Vuuren eweneens bekend as akademikus en kritikus.

Benewens bio- en bibliografiese gegewens bevat beide inleidings evaluatiewe uitsprake oor die waarde van Von Wielligh se werk vir eietydse lesers. Beide inleiers

probeer ook om Von Wieligh binne 'n bepaalde historiese konteks te plaas. Beide pleit ook vir die vertaling van Von Wieligh in Engels omdat sy stories sodoende deel kan word van “'n uitkringende diskoers (...) oor die Boesman”, soos Aucamp dit stel. (Von Wielligh, 2009: 17) In albei die inleidings word vermeld dat Afrikaans die brugtaal was waardeur Boesman-vertellings dikwels gestalte gevind het en daar word veral deur Van Vuuren gewag gemaak van die feit dat hierdie tweetaligheid van die Boesman (en die Afrikaner-boer) nie altyd die nodige aandag van navorsers gekry het nie.

Hoewel Aucamp nie onbewus is van die politieke implikasies van Von Wieligh se patroniserende houding teenoor die Boesman nie (Von Wielligh, 2009: 10) is dit veral Van Vuuren se inleiding wat 'n veel groter bewuswees toon van post-koloniale denke. Want, vra sy, “(h)oe regverdig 'n mens die rekonstruksie van die mondelinge tradisie van 'n uitgedelgde groep inheemse inwoners van die land, uitgedelg deur die Afrikaanse boere in wie se taal jy nou die herkonstruksie van hul kulturele erfgoed pleeg?” (Von Wielligh, 2010: 15) Dit is waarskynlik dieselfde morele dilemmas waarmee die Australiërs en Amerikaners (en in wese enige voormalige koloniale maghebber) worstel ten aansien van die bewaring van die kulturele erfgoed van hul inheemse bevolkings of voormalige koloniale onderdane.

Die bewussyn van 'n rassistiese verlede en die ongemak daarmee spreek ook uit die “Redigeernota” in deel 2 van die *Versamelde Boesmanstories*: “Hierdie vertellings is oorspronklik gepubliseer in 1921 en uitsprake wat aanstoot gee, moet in die konteks van die tyd beskou word. Protea Boekhuis vereenselwig hom nie met alle menings soos weerspieël in die teks nie.” In deel 1 word in die “Redigeernota” gesê: “Woorde en stellings wat aanstoot gee, is vervang of weggelaat maar om soortgelyke insidente weg te laat, sou die verhaalgang versteur.” Oppervlakkige weg-redigering dus, maar die dieper gesetelde rassisme van 'n vervloë era word daarmee nie tot niet gemaak nie. En sou gevra kon word, waarom moet dit ook? Is die wegvaging van hierdie tipe “foute van die historiese verlede” nie net so immoreel as 'n vorm van vervalsing van die verlede nie?

Hiermee blyk dadelik die probleme waarin jy beland as jy om watter rede ook aan 'n teks begin torring: die wetenskaplike integriteit van die teks bly gewoonlik in die slag. Van Vliet (2000: 46) praat in hierdie verband van “het amateurisme in het editeren van teksten” wat selfs in Nederland tot laat nog hoogty gevier het.

6. Die heruitgawe van *Versamelde Boesmanstories* in die lig van die tekswetenskap.

Wil een literair oeuvre (...) de tand des tijds doorstaan”, sê Van Vliet (2000: 52), “dan zal het in ieder geval beschikbaar moeten zijn en blijven in een wetenschappelijk verantwoorde editie. Daarmee wordt niet bedoeld een editie waarin een omvangrijke wetenschappelijke ballast het zicht op het eigenlijke werk ontnemt, maar een editie die een zo zuiver mogelijke tekst van het werk zelf presenteert met voldoende zakelijk

commentaar om ook toekomstige generaties lezers in staat te stellen het werk in zijn oorspronklike konteks te lezen.”

’n Voorbeeld van so ’n “voorbeeldige” uitgawe is dié van Louis Couperus se bekende roman, *Van oude mensen, de dingen die voorbijgaan...* (Couperus, 1988) Die teks is “skoon” en skep geen leesversperring nie, omdat daar geen annotasies in voorkom nie. Wel bevat dit ’n “Verantwoording” agteraf. Hierin word vertel hoe die teks tot stand gekom het – in eie reg ’n boeiende stuk literatuurgeskiedenis én biografie. Die noulettendheid waarmee die tekskeuse gemotiveer word, *alle* veranderinge (korreksies al dan nie) ten volle verskaf word, getuig van wetenskaplike integriteit. Boonop spreek daaruit ook ’n groot eerbied vir die teks, die outeur (van die geoutoriseerde versie wat hier as basisteks gekies word) én die leser. Want laasgenoemde kan nie reken dat “klassieke” tekste meer as een uitgawe gaan beleef nie. Waarmee hy of sy dus in hul hande sit is waarskynlik die enigste uitgawe. Dit is daarom ’n vergryp as hierdie uitgawe swak is “(d)e lezer verdien een degelijk geëditeerde tekst en heeft ook het recht op het verhaal over het ontstaan van het boek”. (Polis, 2000: 76)

In Suid-Afrika word werklik op skokkende wyse omgespring met die (her)uitgawe van “klassieke” tekste wat verskyn sonder enige (of met ’n gebrekkige) wetenskaplike verantwoording. Tekskeuses word selde of ooit gemotiveer, wysigings nooit in besonderhede aangedui nie, oorspronklike voorblaie (wat dikwels onlosmaaklik deel was van die teks) word lukraak gewysig en dan word daar dikwels ook lustig “herskrywe”, weggelaat, verkort en derglike meer. Dikwels word ook geen kennis geneem van literêre kritiek waarin gewys is of foute en derglike meer nie. Dit is daarom meestal wetenskaplike afskeepwerk.

Protea Boekhuis se heruitgawes van Von Wieligh gaan ook mank aan baie van die genoemde besware. Die “Redigeernotas” raak kant nog wal en is in feite maar net ’n politiek-korrekte kniebuiging. Ook die inleidings (wat weliswaar interessante gegewens bevat) kan nie ’n verantwoording van ’n redakteur vervang nie. Die herspelling waarmee Aucamp besonder tevrede is (Von Wielligh, 2009: 7) kan nog geregverdig word binne die tradisie van die leesuitgawe, maar die weglating van motivering van die teks én die volledige verslag van tekswysigings absoluut nie.

Laasgenoemde kan slegs weggelaat word as die leesteks gebaseer is op ’n wetenskaplike uitgawe wat met die Von Wieligh-publikasies nie die geval is nie. Mathijsen (1997: 67-68) gaan volledig in op die vereistes van ’n leesuitgawe en waarsku teen die opvatting dat modern tekste nie ook deur ’n redakteur versorg moet word nie “(h)et is echter opvallend hoe snel een tekst ‘achertuitgaat’ (...) als die een aantal keren herdrukt is”. (Mathijsen, 1997: 68) Dit is veral die bestendinging van setfoute én die insluip van nuwe foute wat ’n rol speel in die “besoedeling” van die teks.

“De ideale leeseditie is een boek dat tegelijk de leesbaarheid van een modern klassieker vergroot, een betrouwbare tekst presenteert, en nieuwe inzichten bevat over de inhoud, het schrijfproces of het receptie van het boek”. (Polis, 2000: 77)

7. Besluit

Von Wielligh is sonder twyfel mens van sy tyd gewees, maar met uitsonderings soos Jacob Gordon was dit ook die geval met byna elke reisiger wat die binneland van Afrika “ontdek” en gedokumenteer het. Von Wielligh se werk is dokumentasies van plant, mens en dier, van ’n boeiende kontinent, maar ook van die ideologie en vooroordele van sy tyd. Dikwels met oordrywing en uitweiding; altyd met ’n presisie wat verstom. Baie van hierdie representasies van hom het steeds waarde, en hy verdien daarom sy beskeie plek in die kanon.

Universiteit van die Vrystaat

Bibliografie

- Antonissen, Rob.** 1956. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Aucamp, Hennie.** 2004. Vroeë diskoerse oor die Boesman – in Afrikaans. *LitNet*, Toegang 7 April 2010, http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=59676&cat_id=163.
- Bel, Jacqueline.** 2004. De houdbaarheidsdatum van literatuur of uitdagingen voor de literatuurgeschiedschrijver. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal en Letterkunde* 120(3): 193-210.
- Bhabha, Homi.** 1986. The other question: difference, discrimination and the discourse of colonialism. In Barker, F. et. al. *Literature, Politics and Theory: Papers from the Essex Conference, 1976-1984*. London: Methuen. 148-172.
- Bleek, W.H.I. en Lloyd, L.C.** 1936. Special Speech of Animals and Moon used by the /Xam Bushmen. *Bantu Studies*, 10(1): 163-199.
- Couperus, Louis.** 1988. *Van oude mensen, de dingen die voorbijgaan ...* Utrecht/Antwerpen: Veen Uitgevers.
- Dekker, G.** 1935. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Dekker, G.** 1961. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- De Smedt, Marcel (red.).** 2000 *Teksteditie Vlaanderen*. Gent: Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde.
- February, Vernon.** 1998. Klein begin is aanhou wen. In: Van Coller 1998: 3-20.
- Gerwel, J.** 1983. *Literatuur en apartheid. Konsepsies van “gekleurdes” in die Afrikaanse roman tot 1948*. Kasselsvlei: Kampen-Uitgewers.
- Grobelaar, Pieter W.** 1987. G R von Wielligh: ’n volkskundige evaluering. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 43(2), Julie.
- Hugo, D.J.** 1985. Griekwa-Afrikaans in die Afrikaanse letterkunde. In: Van Rensburg, 1985: 585-608.

- Human-Nel, Maria Johanna.** 2009. *Die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon.* Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- John, Phillip.** 1994. Literatuurgeskiedskrywing en diskoers: die 'begin' van die Afrikaanse letterkunde. *Literator* 1, April: 97-112.
- Kannemeyer, J.C.** 1999. *Leipoldt. 'n Lewensverhaal.* Kaapstad: Tafelberg.
- Liebenberg, O.** 2009. Persoonlike mededeling. Bloemfontein.
- Lombard, Jean.** 2004. Waterslangverhale in Afrikaans: die relevansie van mitisiteit. *Literator*, 25(1), April: 113-137.
- Malherbe, F.E.J.** 1940. *Aspekte van Afrikaanse literatuur.* Kaapstad, Bloemfontein & Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Perkins, David.** 1992. *Is Literary History possible?* Baltimore & London: The Johns Hopkins University Press.
- Mathijssen, Marita.** 1997. *Naar de lezer. Handboek Editiewetenschap.* Den Haag: Constantijn Huygens Instituut.
- Nienaber, P.J.** 1961. Inleiding. In: Von Wielligh, G. R. *Jakob Platjie: egte karaktersketse uit die volkslewe van Hotnots, Korannas en Boesmans.* Pretoria: J L van Schaik.
- Perkins, David.** 1992. *Is Literary History Possible?* Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Polis, Harold.** 2000. Een toekomst voor onze moderne klassieke. In: De Smedt (2000: 69-82).
- Roos, Henriette.** 1999. "Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu". In Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Deel 1.* Pretoria: J.L. Van Schaik: 21-117.
- Schoonees, P.C. & Van Bruggen, J.R.L.** 1925. *Inleiding tot die studie van die letterkunde.* Pretoria: J.H. du Bussy; Kaapstad: Holl.-Afrik, Uitgevers-Mij. v/h Jacques Dusseau & Co.
- Slotegraaf, A. en Koorts, W. P.** 2006. /Xam astronomical references in G.R. von Wielligh's *Boesman-Stories*. MNASSA, 65(7 & 8), 104-111.
- Smuts, J.P.** 1975. *Karakterisering in die Afrikaanse roman.* Pretoria: H.A.U.M.
- Van Coller, H.P. (red.).** 1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis Deel 1.* Pretoria: Van Schaik.
- Van Coller, H.P. (red.).** 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2* Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, M.C.J. (red.).** 1985. *Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare.* Ongepubliseerde RGN-verslag.
- Van Vliet, H.T.M.** 2000. Het Constantijn Huygens Instituut aan het begin van een nieuw millenium. Ideën en projecten. In: De Smedt (2000: 43-56).
- Van Vuuren, Helize.** 2008. Plagiaat? Appropriasie? Kulturele oorplanting? Huldiging?: Brandende kwessies rondom mondelinge tradisies--Eugene Marais en die San opnuut bekyk. *Journal of Literary Studies*, Desember, 24(4), 85-112.

- Von Wielligh, G. R.** 1961. *Jakob Platjie: egte karaktersketse uit die volkslewe van Hotnots, Korannas en Boesmans*. Pretoria: J L van Schaik.
- Von Wielligh, G. R.** 2009. *Versamelde Boesmanstories 1*. Kaapstad: Protea Boekhuis.
- Von Wielligh, G. R.** 2010. *Versamelde Boesmanstories 2*. Kaapstad: Protea Boekhuis.
- Willemse, Hein.** 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In: Van Coller, 1999: 3-20.
- Willemse, Hein.** 2007. *Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Willemse, Hein.** 2008. Tokkelossie, “'n Boesman, outa Hendrik” en ontkennde close readings. *Literator*, 29(3), Desember: 57-73.
- Zafón, C R.** 2004 *The shadow of the wind* (oorspronklik *La sombra del viento*, 2001). London: Penquin.